# QPro Wildsonderhoudskorrels

V28439 (Wet 36 van 1947)

## Produkbeskrywing

QPro Wildsonderhoudskorrels is 'n hoëgehalte-, gebalanseerde voer vir wildspesies waar byvoeding benodig word. Die produk is luserngebaseer wat smaaklik is. Wildsonderhoudskorrels is geformuleer om genoegsame proteïen, energie en spoorminerale in droë tye aan diere te voorsien. Die produk bevat geen ureum nie en is dus veilig om aan alle wildspesies te voer. Die pilgrootte is 8 mm om in alle behoeftes te voorsien.

## Voeraanbeveling

Dit is belangrik dat diere stelselmatig aangepas moet word aan enige vorm van byvoeding. Begin deur minder produk aanvanklik uit te gooi en vermeerder dan oor 'n tweewekeperiode om die aanbevole innames te kry. Wanneer in bomas gevoer word, moet genoegsame langveselhooi beskikbaar wees. Gee genoeg kripspasie sodat diere mekaar nie beseer nie.

| Aanbevole innames | Tipe wildspesies | Voerinname |
|---|---|---|
| Kleinwildspesies | soeni, blouduiker, rooiduiker, klipspringer, gewone duiker, bosbok, springbok, rooibok, njala | 100-1000 g |
| Mediumraamspesies | rooihartebees, swartwildebees, blouwildebees, koedoe, gemsbok, bastergemsbok | 1,5-3,5 kg |
| Grootraamspesies | eland, buffel, renoster, kameelperd | 4-8 kg |

Vir die **LIEFDE** vir jou

*Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587*

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid | Insluiting |
|---|---|---|
| Proteïen (min) | g/kg | 120 |
| Proteïen van NPN (maks) | % | 0% |
| Ureum (maks) | g/kg | 0 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Vet (min) | g/kg | 25 |
| Vesel (min/maks) | g/kg | 120/200 |
| Ca (min/maks) | g/kg | 9/10 |
| P (min) | g/kg | 3 |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.*




## Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke of losmaat.

DIERE